# BOEKBESPREKINGS

## Boeke oor die Middeleeue

By wyse van bekendstelling volg hieronder enkele besonderhede oor boeke oor die Middeleeuse geskiedenis wat ons onlangs bereik het. Vir dosente en studente is dit ongetwyfeld van belang om hiervan kennis te neem.

Die 900ste herdenking van die Normandiese inval in Engeland (1066) twee jaar gelede het verskeie publikasies in verband met hierdie gebeurtenis ten gevolge gehad. Een daarvan is 'n boek van Alan Lloyd, *The year of the Conqueror* (pp. 343, R3.20. Longmans, 1966). Dit is die skrywer te doen om die verloop van gebeurtenisse gedurende die jaar 1066 na te gaan tot dit kulmineer in die beslissende slag op die heuwel van Senlac by Hastings op 14 Oktober. Vir dié doel konsentreer hy op die drie hooffigure: Harold Godwinson wat in Januarie daardie jaar vir Eduard die Belyer as koning van Engeland opgevolg het, Harald Hardrada van Noorweë wat hom die troon betwis het en vir wie hy met die slag van Stamford-brug verslaan en ten slotte die tweede aanspraakmaker op die troon, Willem die Normandiër, teen wie hy die onderspit delf tydens die genoemde slag by Hastings. Harold self sneuwel in die slag. Hierdie spannende gebeurtenisse word in 'n onderhoudende trant verhaal en dit teen die agtergrond van die middeleeuse Engeland, sedes, gewoontes, geografiese omstandighede ens.

Waar bogenoemde boek eindig met die slag by Hastings en waar die groot wending wat dit in die Engelse geskiedenis gebring het, nie behandel is nie, daar word hierdie leemte in 'n mate aangevul deur 'n boek van Elizabeth Luckock, *The reign of the Conqueror* (pp. 168, R1 75, Wheaton, Pergamon Group, 1968). Ek noem die *slegs in 'n mate*, want hierdie boek is nie van dieselfde wetenskaplike standaard as eersgenoemde nie. Dit is kennelik 'n boek wat vir skoolgebruik bedoel is, soos baie van die publikasies van die Pergamon Press, en dit is ook voorsien van illustrasies (deur David Harris) om die belangstelling van die skoliere te prikkel. Eintlik is dit 'n vervolg op 'n vorige boek van Elizabeth Luckock, nl. *William the Conqueror.* Ten spyte van die skoolse voorkoms gee die boek tog 'n goeie beskrywing van die persoonlikheid van Willem die Veroweraar, ru en wreed soos hy was, maar tog uiters bekwaam. Sy grootste verdienste was die Doomesday Book wat hy laat opneem het en die besondere vorm van feudalisme wat hy in Engeland ingevoer het.

Nog 'n boek oor die Normandiërs, maar hierdie keer oor 'n ander groep van hulle in 'n ander deel van Europa, is *The Normans in the South* deur J. J. Norwich (pp. XVI, 355, R5.25. Longmans, 1967). Die boek het ontstaan na aanleiding van 'n vakansie wat die skrywer (seun van die vroeër bekende politikus Duff Cooper) in Sicilië deurgebring het. Die bouvalle en ander reste van die eertydse glansryke beskawing van die Normandiërs in daardie eiland, het hom in hulle geskiedenis laat belangstel. Hy het toe tot die ontdekking gekom dat daar eintlik geen boek bestaan wat hierdie geskiedenis as 'n eenheid behandel nie en gevolglik het hy dit toe self geskryf. Dit is die besondere verhaal van Robert Guiscard, „perhaps the most extraordinary European adventurer between Caesar and Napoleon", wat Sicilië van die Sarasene verower het en wat die grondslag gelê het vir 'n staat wat uniek in die middeleeue was in die sin dat dit die geleentheid gebied het aan drie kulture, Europees, Bisantyns en Mohammedaans, om naas mekaar te bestaan en tot bloei te kom. Die boek het enigsins die aard van 'n gids. Die skrywer noem dit die soort boek wat hy self graag in die hand sou gehad het by sy besoek aan Sicilië. Telkens verwys hy na die landskap en na oorblyfsels van die vergane beskawing waarvan hy die geskiedenis skryf. Hy is beskeie in sy benadering; hy maak geen aanspraak op

oorspronklike navorsing of op nuwe feite wat hy aan die lig gebring het nie. Nietemin het dit 'n uiters onderhoudende boek geword oor 'n gedeelte van die Europese geskiedenis wat deur die meeste skrywers slegs in die verbygaan genoem word.

Studente in die ekonomiese aspekte van die Middeleeue tref dit gelukkig dat die bekende werk van Robert Latouche, *The birth of Western Economy; economic aspects of the Dark Ages* (pp. XVIII, 349, R4.20. Methuen, 1967) wat reeds in 1956 in Engelse vertaling verskyn het, nou in slap band (University Paperbacks) verkrygbaar is. Dit is 'n bekende wetenskaplike werk wat geen aanprysing nodig het nie. Die boek konsentreer op die vroeë middeleeue: *Part I, The component forces,* waar die wisselwerking tussen die Romeinse en Germaanse wêreld verhaal word; *Part II, The Merovingian Age,* waar platteland en dorp teenoor mekaar gestel word; *Part III, The early Caroligians: a temporary restoration,* waar Karel die Grote in perspektief geplaas word, en ten slotte *Part IV, The laborious birth of a Western Civilization,* waar die bydrae van die Noormanne, na die aanvanklike ontwrigting wat hulle veroorsaak het, ontleed word. Die boek is kort en bondig, maar besonder helder geskryf, 'n ekonomiese geskiedenis wat die groot historiese verloop nooit uit die oog verloor nie en veral die verband tussen ekonomie en kultuur aantoon. Aan die einde van die boek volg 'n taamlik uitgebreide bibliografie, hoofsaaklik Franse en Duitse werke.

Nog 'n boek wat gaan oor die ekonomiese geskiedenis van die Middeleeue, maar hierdie keer meer beperk wat opset en trefwydte betref, is *Medieval Merchant Ventures* van E. M. Carus-Wilson (pp. XXXIV, 314, R3.50, Methuen, 1967). Hierdie boek, waarvan die eerste uitgawe uit 1954 dateer, verskyn hier vir die eerste keer in die University Paperback-reeks. Soos ook in die titel gemeld, is dit 'n reeks artikels (collected studies) wat eers elders verskyn het. Elkeen vorm dus 'n selfstandige eenheid. Tog is daar verband weens 'n deurlopende tema, soos die skrywer dit in sy inleiding verduidelik: „They arose out of an enquiry into the conditions of Bristol's trade in the fifteenth century and the circumstances that prompted the Bristol Merchant Venturers at the close of the century to sponsor the voyages of the Cabots in search of the new world" (p. XV). Almal is gebaseer op noukeurige navorsing in primêre bronne en as sodanig oorspronklike bydraes tot die Britse ekonomiese geskiedenis.

Om egter van die besondere tot die meer algemene werke oor te skakel, vestig ek eerstens die aandag op 'n beknopte oorsig van die middeleeuse geskiedenis: C. Warren Hollister, *Medieval Europe: A short history* (pp. XI, 262, John Wiley and Sons, Inc., 1966). Dat die boek sedert sy eerste verskyning in 1964 binne twee jaar reeds 'n vierde druk beleef het, toon dat dit in 'n behoefte voorsien. Soos die skrywer dit stel is dit bedoel vir die leser wat die Middeleeue in kort bestek wil hê en vir gebruik in universiteite en kolleges. In laasgenoemde geval waarsku hy dat dit slegs as inleiding gebruik moet word of as spoorslag tot verdere leeswerk.

Ten slotte nog 'n boek uit Amerika wat 'n oorsigtelike, hoewel nie so 'n beknopte soos voorgaande, geskiedenis van die middeleeue aanbied. Dit is J. B. Russel, *Medieval Civilization* (pp. XIII, 635, John Wiley and Sons, Inc., 1968). Hier het ons 'n werk wat aansluit by die deeglike handboeke oor die middeleeue wat van tyd tot tyd in Amerika verskyn, iets in die trant van Carel Stephenson en Thompson en Johnson. Bogenoemde werk van Russell is soos die titel ook weergee, meer 'n beskawingsgeskiedenis, maar die gewone „verloop" van die geskiedenis word tog steeds in ag geneem. Dit het dan ook die gewone chronologiese indeling. Na my mening is dit 'n werk wat met vrug vir universiteitstudente voorgeskryf kan word.

F. J. du T. Spies.